

Dinsdag 24 November

Skrifgedeelte: Amos 5:18-27; Matteus 5:23, 24

Fokusgedeelte: Amos 5:24

Soek reg en geregtigheid!

Amos het in die vorige verse die oortreding van Israel uitgelig. Hy het ook die oordeel van die Here aangekondig en die volk daarop gewys dat hulle tot bekering moet kom: Soek die Here! Die volgende verse maak die oortreding meer spesifiek en die volk se bekering meer prakties.

Die Here beskuldig die volk van *ritualisme*. Ritualisme is godsdiens sonder ware diens aan God. Dit is hoekom die Here met baie skerp woorde in vers 21 sê Hy haat hulle feeste! Die volk se godsdiens het vervlak tot seremonies sonder 'n Godvresende leefstyl. So word Israel se oortreding meer spesifiek vir ons uitgespel. Die Here haat ritualisme.

Amos maak ook die oproep tot bekering meer prakties. Soek die Here – dit is die groot oproep, maar hoe moet dit gebeur? As hulle die Here soek, moet hulle *die “reg laat aanrol ... en geregtigheid (laat) stroom”* (vs 24). 'n Enkele “goeie daad” van tyd tot tyd is nie wat die Here hier in gedagte het nie. Reg en geregtigheid moet so deel wees van die sosiale struktuur, van die volk se lewe, soos 'n waterstroom! Nee, eintlik soos watergolwe, wat aanhou en aanhou vloei en spoel! In ander woorde: die volk moet reg en geregtigheid in die samelewing “inbou”, sodat hulle dit *onophoudelik* sal handhaaf!

Dit is baie maklik om te verval in ritualisme. Wanneer ons allerhande godsdienstige en vroom dinge doen, maar dit is nie hartgrondige diens aan God nie. Dit is leeg. Om Sondag kerk toe te gaan en Maandag weer ryk te word uit onregverdige winste of omkoopgeld, is 'n totale weerspreking. Om vandag geld te gee vir die armes, maar onreg te handhaaf op 'n ander terrein van jou lewe, klop eenvoudig nie. God haat dit.

Om rituele en feeste vir die Here te vier, is goed en reg as dit ook gepaardgaan met diens aan die Here op die ander dae van my week. Ons soek die Here wanneer ons soek na reg en geregtigheid! Jesus gee 'n praktiese voorbeeld: As jou broer iets teen jou het, maak eers die saak reg voordat jy deelneem aan die seremonie.

Laat reg en geregtigheid in jou lewe stroom!

Sing: Psalm 11-1:4, 5

Ds. GM Boersema (Marnix) (Graaff-Reinet)